

Waar is God se
ware Kerk
vandag?

Waar is God se ware Kerk vandag?

deur Roderick C. Meredith

Duisende verskillende kerklike organisasies verkondig dat hulle Jesus Christus navolg. Tog onderrig hulle duisende verskillende “evangelies” en kan oor tallose leerstellings nie ooreenstem nie.

Is Jesus Christus die Hoof van al hierdie kerklike organisasies? Is Christus verdeeld? Of is daar 'n ware Kerk van God wat afgesonder is van hierdie godsdienstige Babilon? Hoe kan u God se ware Kerk herken? Hierdie boekie sal u help verstaan!

CHTA Uitgawe 5.0, Julie 2005
©2005 LEWENDE KERK VAN GOD
Alle regte voorbehou. Gedruk in SA

Hierdie boekie is nie te koop nie!

Dit word gratis aangebied as 'n opvoedkundige
publikasie van die Lewende Kerk van God.

Skrifture in hierdie boekie is aangehaal uit die Ou
Afrikaanse Vertaling (1933) tensy anders aangedui (NV,
Nuwe Vertaling, 1983)

Die beklemtoning van gedeeltes van skrifture in hierdie
boekie is dié van die uitgewer.

Vertalings uit nie-Afrikaanse tekste is dié van die uitgewer.

Het u al ooit gewonder *waarom* u gebore is en wat u *ware toekoms* sal behels in die hiernamaals? Wat sal u werklik vir ewigheid *doen*? Sal u heeldag rondsit en harp speel of passief in God se aangesig staar? Of het God iets veel meer ontsagwekkend en wonderlik vir u beplan?

Het u al ooit gewens dat u 'n kerk kon vind wat waarlik die **eindtyd**profesieë van die Bybel verstaan – hoe dit van toepassing is op *vandag* se koerantopskrifte en die gebeure in die nabye toekoms wat u *lewe* gaan raak? Het u gesoek vir 'n kerk wat u kan help om die ware *betekenis* van die lewe self te verstaan en wat kan verduidelik waarheen u en u volk in die volgende paar jaar op pad is? Het u al ooit gewens dat u 'n kerk kon vind waar leraars eintlik *uit die Bybel self* preek en u help “sin maak” van die woorde – insluitend die vele spesifieke profesieë? Wens u vir 'n kerk waar bykans *al* die lidmate hul Bybels na dienste bring en waar almal regtig *glo* wat die Bybel sê en probeer leef volgens die ware “eerste-eeuse Christenskap” wat Jesus Christus en Sy Apostels geleef en verkondig het?

Het u gehoop om 'n kerk te vind waar mense van alle rasse en agtergronde met liefde en hartlikheid aanvaar word en waar Christus se gebod om mekaar lief te hê, weergegee word in die “gesinsatmosfeer” wanneer kerklidmate saamkom om te aanbid en gemeensaam te wees?

My vriende, daar *is* so 'n kerk wat waarlik in die goddelike inspirasie van die Bybel **glo** en werklik in elke fase en faset van die lewe probeer **doen** wat die Bybel sê. Dit is 'n kerk wat *geen ander* “heilige boeke” of “kerktradisies” het oor *enigiets* wat die plek van die Bybel inneem nie. Hierdie kerk is nie 'n gebou of korporasie of uitvinding van mense nie. Dit is 'n geestelike organisme met 'n geskiedenis wat strek vanaf Jesus Christus en die Apostels. Dit is 'n baie *klein* kerkie – die “klein kuddetjie” wat deur Jesus Christus beskryf word (Lukas 12:32) – maar dit het sedert die tyd van Jesus Christus nog *altdy* bestaan en *sal* voortgaan om te bestaan tot aan die einde van die tyd wanneer haar getroue lidmate na 'n “plek van veiligheid” (sien Openbaring 12) geneem sal word *voor* die Groot

Waar is God se ware Kerk vandag?

Verdrukking in werklikheid begin. Wil *u* deel van so 'n kerk wees, wie se lidmate binnekort die konings en priesters gaan word en hierdie aarde sal help regeer onder Jesus Christus (Openbaring 5:10)?

Waar is God se volgelinge?

Die man wat oorkant my gesit het, het in erns sy gedagtes met my gedeel.

“Ek het gedink dat God se volgelinge bloot verspreid was deur die verskillende kerkverbande,” het hy uitgeroep. “Hoe meer ek egter die Bybel lees, hoe sterker voel ek dat daar êrens op aarde 'n ware Kerk *moet* wees wat bestaan uit mense wat werklik *doen* wat die Bybel sê. Maar hoe kan ek weet? Hoe kan ek seker wees waar God vandag werk?”

Nou is die groot vraag: Hoe kan *u* weet? Hoe kan *u* seker wees?

Deesdae noem baie kerke hulself Christelik. Party beoefen doop deur onderdompeling in water. Ander weer “sprinkel” of giet bloot water op die hoof van dopelinge. Baie kerke hou elke Sondagoggend die sogenaamde “Nagmaal”. Ander kerke onderhou hierdie gebruik eenkeer per maand of elke drie maande of slegs een keer per jaar.

Die meeste kerke onderhou Sondag as hul dag van aanbidding, terwyl 'n paar die Sabbat onderhou van Vrydag sonder tot Saterdag sonder. Ander weer, sê die dag van aanbidding maak glad nie saak nie.

Kerke word met allerlei name benoem: Episkopaal, Baptiste, Heilige, Lutherse, Presbiteriaanse, Katolieke, Metodiste, Pinkster en ander. Nog belangriker, die verskillende kerke van hierdie wêreld het *verskillende opvattinge oor God*. Party voel dat God 'n wreedaardige outokraat is wat sondaars in 'n ewigbrandende helvuur braai. Ander dink aan God as bloot die “goddelike vonk” wat op die een of ander manier alle lewe begin het, maar baie min te doen het met alledaagse gebeure en nie omgee oor die mensdom se “lewenstyl” nie. Nietemin noem hierdie verskillende kerke hulself almal “Christene” – hulle gebruik Christus se naam.

Maak dit enige verskil? Het God dit aan die *mense* self oorgelaat om hul kerke te kies, verskillende benamings te gee, self te besluit oor die dag van aanbidding en om verskeie wyses van doop en verskillende leerstellings te verkondig?

Waar is God?

Het God enige iets hieroor te sê?

Ja, Hy het!

God het êrens op hierdie aarde *ware* dienaars wat die eindtydse waarskuwings, waarna ons almal moet oplet, getrou en ten volle verkondig. God het Sy profeet Amos geïnspireer om vir ons te sê: “Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie. Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? Die Here HERE het gespreek, wie sal nie profeteer nie?” (Amos 3:7-8).

Vandag lê verstommende gebeure vlak voor ons deur. U Bybel voorspel dit. ’n *Kwart* van die hele Bybel is aan profesie afgestaan, en die apostel Paulus skryf: “Verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering; want daar sal ’n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle ’n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels” (2 Timotheus 4:2-4). Verkondig *u* leraar die *volle boodskap* van die Bybel? Verduidelik hy en maak hy gereeld die **kragtige eindtydse profesieë** van die Bybel aan u en u geliefdes duidelik? Die Bybel noem baie spesifieke gebeure waarvoor ware Christene op die uitkyk moet wees. Hierdie gebeure sal dit binnekort duidelik maak dat die mensdom heel aan die *einde* van hierdie huidige tyd is – die tyd van die mens se heerskappy oor die aarde onder Satan, die duiwel, se invloed (Openbaring 12:9).

Baie godsdiensteiers praat van die “eindtyd”. Maar, in alle eerlikheid, *wie* lig u in oor die spesifieke gebeure waarvoor u op die uitkyk moet wees? Wie help u, vandag, om die ware *betekenis* te verstaan agter die traumatiese weerskommelings, die toenemende aardbewings, terroriste-aanvalle en gruwelike oorloë in Afrika, die Midde-Ooste en elders wat hierdie planeet toenemend bedreig?

Wie “maak werklik sin” uit al hierdie dinge?

Jesus sê: “As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die **waarheid** ken, en die **waarheid** sal julle vrymaak” (Johannes 8:31-32). Weer eens, indien u in staat is om in Christus se “woord” te bly, *wie* laat werklik daardie woord “lewend word”? Wie haal deurgaans aan – **nie** uit sekulêre skrywes van hierdie wêreld nie – maar uit die *geïnspireerde Woord van God*? Wie daag u voortdurend uit: “**Beproof alle dinge**; behou die goeie” (1 Thessalonicense 5:21)?

Waar is God se ware Kerk vandag?

Nog 'n noodsaaklike aangeleentheid om te oorweeg is: Waar word die volle **Waarheid** vandag verkondig?

“Ag, *alle* kerke het dieselfde basiese oortuigings!” sal baie mense sê, of “*Niemand* het alleenreg op die Waarheid nie. Ons kan in elk geval nie regtig hiervan *weet* nie, so alle godsdienste geld in wese, solank mense net opreg is!”

Ek is seker baie van u het al hierdie tipe redenasies gehoor. Indien daar **nie** 'n **ware** God is nie, of indien die Bybel **nie** werklik geïnspireer is nie, kan sulke redenasies dalk oortuigend wees. *Dit is egter nie die geval nie!* “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van **elke** woord van God” (Lukas 4:4), is moontlik die mees grondslaggewende stellings van Jesus Christus. God se ware Kerk moet noodwendig hierdie *mees fundamentele* Christenlering erken! Kerkleierskap, sowel as individuele kerklidmate, is dalk nog **nie** volmaak nie, maar hulle moet ten minste *erken* dat God se Woord die **grondslag** is om die uiteindelijke Waarheid te ken wat hul Skepper beoog het. **Sonder** die Bybel – **sonder** die geïnspireerde opdrag van **God Self** in Sy geïnspireerde Woord – is al wat oorbly, die biljoene *menslike menings*: “Dit is hoe **ek** daarvoor voel!” of: “Dit is hoe dit vir **my** voorkom!”

Verstaan u?

Indien God dus 'n ware Kerk op hierdie aarde het, moet dit die *geïnspireerde gesag* van die Bybel erken en moet dit sy leerstellings **stewig** op daardie grondslag baseer! Soos die apostel Paulus geïnspireer is om te skryf: “Maar as ek vertoef, dan kan jy weet hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, wat die **gemeente is van die lewende God**, 'n **pilaar** en **grondslag** van die **waarheid**” (1 Timotheus 3:15).

Weer eens, wat is die Waarheid? Jesus sê in u Bybel: “Heilig hulle in u waarheid; **u woord is die waarheid**” (Johannes 17:17).

Waar ookal die ware Kerk is, is dit die **pilaar** en “skans” (soos die woord “grondslag” in 1 Timotheus 3:15 behoort vertaal te word) van die Waarheid. Dit is die **beskermer** van die Waarheid (vgl. NV). Paulus vertel ons ook dat ware Christene – diegene waaruit die ware Kerk bestaan – “medeburgers van die heiliges en huisgenote van God [is], gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is” (Efesiërs 2:19-20). Indien, soos Paulus geskryf het, die ware Kerk op die **fundament** van die Apostels en Profete gebou is, met Jesus Christus Self as hoeksteen, dan moet die

skrywes van die Apostels en Profete – *nie* mense se menings of “gevoelens” nie – die **basis** van leerstellings en gebruike wees.

Paulus se geïnspireerde stelling oor die ware Kerk wat die *pilaar* en *grondslag* van die Waarheid is, is **uiters** belangrik! Deur God se Kerk moet mense tot die begrip van die **opperdoel** van die mens se bestaan kom. Hulle moet in detail leer wat God se groot **plan** vir die mensdom is en *hoe* Hy daardie plan in werking stel. Hulle moet die noodsaaklike **kwart** van die Bybel wat profeties is, verstaan. Dan behoort hulle die *ware betekenis* van huidige gebeure te begryp, soos dit verband hou met Bybelprofesie. Dit sal die wyse waarop hulle die koerant lees en na wêreldgebeure op die TV kyk, verlewendig.

Dan sal lidmate van die ware Kerk van God weet **hoe** om Jesus se bevel na te kom: “**Waak** dan en *bid altyddeur*, sodat julle waardig geag mag word om *al hierdie dinge* wat kom, te **ontvlug** en voor die Seun van die mens te staan” (Lukas 21:36). Hierdie waarlik bekeerde mense sal dan die Goddelike beskerming van **God Self** hê gedurende die verskriklike Groot Verdrukking wat Jesus Christus spesifiek geprofeteer het om plaas te vind net voor Sy Wederkoms (Mattheus 24:21-22). Hierdie *ware* Christene – lidmate van die *ware* Kerk wat die volle Waarheid leer – sal die verskriklike “uur van beproewing” vryspring wat binnekort op hierdie aarde sal toesak! Jesus *beloof* die volgelinge in hierdie Kerk: “Omdat jy die woord van my lydsamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel” (Openbaring 3:10).

Wil *ú* persoonlike *beskerming* geniet gedurende die traumatiese jare wat voorlê? Of wil u liever “gerieflikheidshalwe” die kerk bywoon waarin u grootgeword het – of wat u tans bywoon – of dit nou die egte Waarheid verstaan aldan nie?

’n “Gerieflike” kerk?

Moet u na ’n kerk soek waar u maklik by kan “inpas” en waar u “gemaklik” kan wees? ’n *Charlotte Observer*-rubriekskrywer skryf onlangs: “‘Gemaksug in kerk’. Die frase het my nog altyd stuers gestem. Die idee dat ons kerk toe gaan om gemaklik te raak, gerieflik te wees of met mense om te gaan waarmee ons gemaklik is, is afstootlik, malligheid en blote dwaasheid. ‘Gemak’ is wat ek wil hê wanneer ek ontspan om TV te kyk. Vir die kerkgangers wat ek ken, gaan gemaksug oor klas, opvoedingsvlak, buiteklub of ras. Ja, ook

Waar is God se ware Kerk vandag?

dikwels oor politiek. Ons wil graag aanbid saam met mense wat soos ons dink, soos ons lyk en dieselfde soort motors as ons ry". Ek is seker u is bewus van hierdie gesindhede, maar is *dit* die benadering tot ware godsdiens wat Jesus Christus Sy ware volgelinge onderrig het?

Luister asseblief na Christus Self: "As iemand na My toe kom en hy haat [minder liefhê] nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie. En elkeen wat sy kruis nie dra en agter My aan kom nie, kan my dissipel nie wees nie ... So kan dan ook niemand van julle wat nie afsien van al sy besittings, my dissipel wees nie" (Lukas 14:26-27, 33).

Nee, Jesus Christus se bedoeling is **nie** dat ons moet strewe na 'n "gerieflike" bestaan om Hom te volg nie! Dit mag vreemd klink vir sommige van u wat net gehoor het van die "vrede en voorspoed"-evangelie wat vandag deur so baie mense verkondig word. Die *ware* Christus van u Bybel praat egter voortdurend van die behoefte om **uit** te kom uit hierdie wêreld se samelewing, van die behoefte om voor te berei vir **beproeving** en van die noodsaaklikheid om u lewe "oor te gee" ten einde die **enigste** Een te dien wat aan ons werklik die *ewige* lewe kan gee!

Die ware Kerk bestaan uit volgelinge wat waarlik hul lewens deur Jesus Christus *oorgegee* het aan God. Hulle het *vir hulself* die *bestaan* van die ware God, die Skepper van die hemel en aarde, *bewys*. Hulle het aan hulself die letterlike inspirasie van die Bybel *bewys* en vir hulself besluit om Jesus Christus se opdrag te volg: "*Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God*" (Lukas 4:4). Verder sou hulle ook beslis aan hulself **bewys** het dat Jesus van Nasaret *God in die vlees* was: dat Hy **gesterf** het om die boete van sonde vir die ganse mensdom te betaal, dat Hy na drie dae en drie nagte in die graf *uit opgestaan het uit die dood* (Mattheus 12:40) en tans as ons aktiewe Hoëpriester, lewende Hoof en eerskomende Koning aan die regterhand van God die Vader sit.

Volgelinge wat tot so 'n mate bekeer is, sal hulle aan Christus as "Heer" – die Een wat hulle **gehoorsaam** – **onderwerp**. Daarom, deur *Christus wat in hulle leef* deur die Heilige Gees (Galasiërs 2:20), sal hulle streef om volgens die leringe van die Bybel te **leef**. **Hiërdie** is die mense waaruit die ware Kerk van God bestaan!

Indien u dus gewillig is om "realisties te wees", wees dan asseblief gewillig om te luister na wat die *Bybel werklik sê*. God het *wel* 'n ware Kerk hier op aarde. Daardie Kerk is *werklik* besig om haar

lidmate voor te berei vir die ewige lewe. Daardie Kerk is *werklik* besig om vandag die Werk van God te doen. Daardie Kerk het ook sekere opmerkbare “kenmerke” – belangrike kenmerkende eienskappe wat duidelik in die Bybel genoem word – wat aan enige opregte, oordeelkundige persoon sal toon **waar** God se ware Kerk is, *mits* hulle gewillig is om onbevooroordeeld te luister!

Het u “nodig” om kerk by te woon?

In die huidige godsdienstverwarring is baie mense afgesit deur wat hulle “georganiseerde godsdienst” noem en besluit hulle om tuis te bly en God op hul eie, saam met hul gesinne of ’n paar ander mense te aanbid. Is daar enigiets verkeerd *daarmee*?

Selfs hoewel baie opregte mense die praktyk van ’n “tuiskerk” probeer regverdig, is dit *baie beslis* om verskeie redes *verkeerd*. Dit is ook heeltemal **onbybels**, behalwe in ’n paar besonder uitsonderlike gevalle!

Diegene wat waarlik die Bybel glo, verstaan dat Jesus Christus die “lig” was wat God die wêreld ingestuur het. Hy was ons **voorbeeld** en nadat Sy Apostels hul ten volle bekeer het, het hulle ook as voorbeelde gedien.

Wat was die *geïnspireerde voorbeeld* van Jesus Christus? “Toe kom Hy in Násaret waar Hy opgevoed was; en soos Hy **gewoond** was, gaan Hy op die sabbatdag in die sinagoge en staan op om te lees” (Lukas 4:16). Jesus se eie gewoonte was om gereeld aanbiddingsdienste saam met ander in ’n “georganiseerde” sinagoge of Kerkopset **by te woon!** God het alreeds die Sabbat ’n “heilige samekoms” genoem – wat ’n “bevole vergadering” beteken. Jesus het dus hierdie bevel **gehoorsaam** en sodoende vir ons ’n voorbeeld gestel.

Selfs ná Jesus se opstanding vind ons dat Petrus en die eertydse Apostels *gereeld* in die tempel *vergader* het op beide die weeklikse en jaarlikse Sabbatte. Trouens, die Nuwe-Testamentiese Kerk het eintlik **nie** sy aanvang op Kersfees of Paasfees gehad nie, maar op een van **God** se bevole Heilige Dae, die Pinksterdag (Handelinge 2:1). Toe het die eertydse dissipels *gereeld* met ander in die tempel te Jerusalem *saamgekom* (Handelinge 2:46-47).

Toe dit volgens God se tydsberekening tyd was vir Paulus om aktief in die bediening betrokke te raak, “vertrek Bárnabas na Tarsus om Saulus te soek, en toe hy hom kry, het hy hom na Antiochië

Waar is God se ware Kerk vandag?

gebring. En hulle het 'n hele jaar lank *in die gemeente saam vergader* en aan 'n aansienlike skare onderwys gegee; en die dissipels is in Antiochië vir die eerste keer Christene genoem” (Handelinge 11:25-26). Let daarop dat Paulus en Barnabas saam met die “gemeente ... vergader”. Daar was dus 'n “georganiseerde” Kerk wat **wel** gereeld saam vergader het! Nog later lees ons: “En volgens sy **gewoonte** het Paulus na hulle gegaan en drie sabbatte lank met hulle gesprek uit die Skrifte” (Handelinge 17:2).

Die geïnspireerde skrywer van Hebreërs vertel ons: “En laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor; en *laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim* soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom. Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie” (Hebreërs 10:24-26). Hierdie noodsaaklike teksvers in God se Woord vertel ons om **nie** ons onderlinge byeenkoms te versuim nie. Dit vertel ons ook om mekaar tot liefde en “goeie werke aan te spoor”.

'n Paar misleide siele kan *aanneem* dat, indien hulle tuis vergader met familie en vriende, hulle mekaar tot goeie werke kan aanspoor. Hierdie benadering is duidelik in teenstelling met die oorweldigende aantal Bybelse voorbeelde van dít wat God se dienaars gedoen het. Hulle moet eerder byeenkom as 'n georganiseerde gemeente, **nie** onder leiding van die een of ander leek wat besluit het om “homself aan te stel” tot die bediening nie, maar deur 'n behoorlik opgeleide en ingeseënde *ware* leraar van Jesus Christus! Die Bybel maak dit duidelik dat “**niemand** ... die waardigheid vir homself [neem] nie, maar hy wat deur God geroep word” (Hebreërs 5:4).

In my meer as 50 jaar in Christus se bediening het ek met heelwat mans en vroue te doen gehad wat besluit het om hulle uit “georganiseerde godsdienste” te onttrek. Deur dit te doen, het hulle 'n “net ek en Jesus” benadering tot die kerk aangeneem en nie erken dat God 'n duidelike patroon van leierskap in Sy Kerk daargestel het nie. Baie van die mans, ontnem hulself van goeie raadgewing en het uiteindelik die pligte van die bediening *aangeneem* of hulself feitlik “aangestel” as leraars van Jesus Christus. Feitlik al hierdie mans is uit die aard van die saak **eiewys**, gewoonlik “hardkoppig” en werklik onwillig om deur ander geleer en gelei te word. Hulle hunkering was gebaseer op “belangrik” wees in hul eie oë en dié van hul familie of

naaste vriende deur *dit op hulself te neem* om 'n “huiskerk” te stig en as leraar of leier op te tree.

Hierdie mans het blykbaar die kragtige voorbeeld van Korag en sy volgeling vergeet wat die leierskap van God se aangestelde dienaar, Moses, *verwerp* het en geredeneer het dat “elke man” die reg het om as geestelike leier op te tree! Hierdie **eiewyse** manne het Moses en Aäron met hierdie woorde uitgedaag: “Dit is nou genoeg; want die **hele** vergadering, **hulle almal**, is heilig; en die HERE is in hulle midde!” (Numeri 16:3). God het Sy houding jeens hierdie “elke man is 'n leraar”-benadering getoon deur die aarde te laat oopgaan en hierdie hardkoppige rebelle *lewend te verslind* (verse 28-34)!

Deur hulle *vandag* te distansieer van God se ware leraars en van deelwees van die **Werk** wat Christus deur Sy ware Kerk vermag en deur hulle te distansieer daarvan om die Evangelie aan “al die nasies” te verkondig (Mattheus 28:19-20), versuim hulle hul plig om deel te wees van die *aktiewe liggaam* van Jesus Christus. Hulle leer *nie* die lesse van samewerking as deel van daardie liggaam nie; ook leer hulle nie die volle Waarheid op 'n *gebalanseerde* wyse ken nie en ook nie om in nederigheid die nodige *vermaning* en *teregwysing* te ontvang en te reageer daarop soos alle Christene in die ware Kerk van God nie.

Sulke mense bevind hulle eerder uiteindelik aan die “buiteland” van God se volgeling waar hulle **nie** deel vorm van interaksies en as deel van 'n ware kerkgemeente leer nie. Sulke selfaangestelde godsdiensteleiers en hul volgeling raak gewoonlik die spoor byster as gevolg van snaakse idees en vreemde leerstellings. Wat ook baie belangrik is, is dat hulle vir die lewende Christus wys dat hulle **geloof** ontbreek in Sy vermoë om die Kerk te lei, wat God sê Sy verantwoordelikheid is (Efesiërs 1:22-23; Kolossense 1:18)!

Die Kerk wat Jesus gestig het

Jesus vra vir Sy dissipels: “Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is? En hulle antwoord: Sommige Johannes die Doper, en sommige Elía, en ander Jeremia of een van die profete” (Mattheus 16:13-14).

Petrus antwoord egter: “U is die Christus, die Seun van die lewende God”.

Toe gaan Jesus voort: “Jy is Petrus, en op hierdie rots *sal Ek my gemeente bou*, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie” (vers 18).

Waar is God se ware Kerk vandag?

Jesus sê baie duidelik hier dat Hy 'n “gemeente” *sou* stig – wat bloot in die geïnspireerde Grieks 'n “groep” of “skare” mense beteken. Jesus noem dit “**My**” gemeente – nie sommer *enige* groep, skare of gemeente nie.

Regdeur die Nuwe Testament toon God herhaaldelik duidelik dat Sy volgelinge – Sy Kerk – gedurende hierdie tyd *min* in getalle sal wees en dikwels vervolg sal word. Hy sê: “Julle het **My** nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies ... As julle van die wêreld was, sou die wêreld sy eiendom liefhê. Maar omdat julle nie van die wêreld is nie, maar Ek julle uit die wêreld uitverkies het, *daarom haat die wêreld julle*” (Johannes 15:16-19).

Waar hulle ook al is, is dit duidelik dat God se ware volgelinge **nie** in hierdie wêreld en sy samelewing “inpas” nie, want Jesus gaan voort: “As hulle **My** vervolg het, sal hulle jul ook vervolg” (vers 20). Jesus noem ook Sy volgelinge die “*klein kuddetjie*” (Lukas 12:32).

Jesus sê: “Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind” (Mattheus 7:13-14). Onthou dan dat net 'n **paar** deur die nou poort gaan. Net 'n **paar** *verstaan waarlik* en is vandag deel van God se ware Kerk!

Let daarop: “Nie elkeen wat vir **My** sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, *maar hy wat die wil doen van my Vader* wat in die hemele is” (Mattheus 7:21). Jesus sê duidelik dat Sy ware volgelinge *gehoorsaam* moet wees aan die Vader se wil. Hulle moet **doen** wat God die Vader vereis.

Kyk nou hoe *regstreeks* dit op die ware Kerk *van toepassing* is. Regdeur die Nuwe Testament word die term “vrou” as *simbool* van 'n kerk gebruik. In 2 Korintiërs 11:1-2 word die ware Kerk uitgebeeld as die verloofde “bruid” van Christus. In Openbaring 17 word die groot vals kerk 'n “hoer” genoem (vers 1) en die “vrou” (vers 3) sit op 'n skarlakenkleurige dier.

Bykans alle geleerdes erken dat die *ware Kerk* in Openbaring 12 as die bruid uitgebeeld word. Sy word “vervolg” deur die “draak” – wat in vers 9 as Satan, die duiwel, beskryf word. Hoewel die ywerige lidmate na 'n plek van veiligheid geneem word, beskryf God in vers 17 dat die duiwel gaan om oorlog te voer met die “res” van die ware Kerk – *diegene wat agterbly*.

In Openbaring 14:12 beskryf God voorts Sy getroue volgelinge: “Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; *hier is hulle wat*

die gebooië van God en die geloof in Jesus **bewaar**". Hierdie is die volgelinge, sê God, wat *beskerm* sal word teen die komende Groot Verdrukking en die verskriklike **plae** van God wat onmiddellik daarna sal volg!

Maak dit enige verskil hoe u God aanbid? U kan *natuurlik* in die kerk van "u keuse" aanbid – soos die godsdiensadvertensies dikwels Sondae sê. *Natuurlik* kan u die idees van u familie, vriende en kennisse volg! Sal *hulle* egter daar wees om **u te beskerm** tydens die komende wêreldoproer? Nog belangriker, sal *hulle* dáár wees om u tydens God se oordeel te "red"?

Waarom bewys u nie vir uself dat die **Bybel** die Skepper se *geïnspireerde openbaring* van basiese geestelike kennis is wat andersins vir die mens ontoeganklik is nie? Waarom kyk u nie wat die Woord van God – die *Bybel* – sê oor waar God se ware Kerk vandag is nie?

Kenmerkende "tekens"

Ons het reeds gesien dat Jesus sê dat *Hy Sy Kerk* sou stig. Ons het gevind dat die Bybel daardie Kerk beskryf as 'n klein, vervolgte Kerk – een wat beslis nie *deel is van hierdie wêreld se samelewing* nie. Dit is 'n Kerk wat die **wil** van God die Vader doen. Dit **onderhou** ook die Tien Gebooië wat deur die Almagtige God gegee is as 'n basiese *lewenswyse*.

Daar is natuurlik baie verskillende kerke wat klein is. Baie word vervolgt. Party word vervolgt omdat dit voorkom asof hulle *ander mense* opsetlik *uitlok* en sodoende bring hulle onnodige vervolging oor hulself – **nie** weens 'n Bybelse *boodskap* nie, maar omdat hulle onbesonne en verwaand probeer om hul "godsdiens" in ander mense "se kele af te druk".

Baie klein, onortodokse godsdiensgroepe voel opreg dat hulle nie "deel van hierdie wêreld" is nie. Hulle dra dalk kenmerkende klere – swart hoede en kappies, eenvoudige klere of spesiale onderklere – om dit aan hulself en ander te "*bewys*". Om egter klein te wees, soms vervolgt te word en *nie* deel van hierdie wêreld se samelewing te wees nie, is beginsels wat op vreemde wyses toegepas kan word. 'n Bybelse "sleutel" om die bogenoemde beginsels behoorlik te verstaan en aan te wend, word in die apostel Paulus se stelling gevind naamlik dat God aan Christene die gees van "*selfbeheersing*" en 'n gesonde verstand gee (2 Timotheus 1:7).

Waar is God se ware Kerk vandag?

Is daar enige *spesifieke kenmerkende tekens* van die ware Kerk wat, behalwe vir die bogenoemde algemene beskrywing van die ware Kerk, toon waar God se Kerk vandag is?

Gelukkig *is daar*.

Om kort en kragtig te wees, sal ek net *vyf* van hierdie “tekens” noem en verduidelik, sodat – **mits u onbevooroordeeld is** – u kan **weet** hoe om vandag God se ware Kerk op aarde te herken.

1. Om God te VREES

Voordat God die mensdom geskape het, het Hy Lucifer geskape – een van drie gerubs, of super aartsengele, wat oorspronklik Sy troon omring het. In Hebreeus beteken “Lucifer” “ligbringer” of “blink oggendster”. Lucifer is oorspronklik geskape as magtige, pragtige superaartsengel met geweldige wysheid en vermoëns (Esegiël 28:11-15). In Jesaja 14:12-15 word Lucifer beskryf: “Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldig van die nasies! En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste! Ja, in die doderyk sal jy neergewerp word, in die diepste plekke van die kuil!”

Soos bykans alle teoloë erken, is dit duidelik uit hierdie en ander tekse dat Lucifer se vaardigheid en skoonheid tot baie **hoogmoed** gelei het. Hierdie hoogmoed het, op sy beurt, daartoe gelei dat Lucifer teen sy Skepper *gerebelleer* het en sy naam is later verander van “ligbringer” na *Satan* – wat in Hebreeus letterlik “teenstander” beteken. Lucifer het God se grootste *vyand* geword.

Regdeur die hele Bybel wys God vir ons dat Hy vasberade is om *niemand* in Sy Koninkryk toe te laat wat ’n potensiële *teenstander* – ’n potensiële *Satan*, is nie. Sou u? Ons behoort almal te besef hoe **noedsaaklik** dit vir God is. Hy wil *eensgesindheid* en *vrede* in Sy Koninkryk en gesin wat deur die Gees gelei word, hê! Hy is die Oorsprong van *liefde*, *vreugde* en *vrede*. Enige wese wat ’n potensiële rebel kon wees, sou uiteindelik daardie *vrede vernietig*.

Daarom, regdeur die *hele Bybel*, onthul God dat Hy *absoluut seker* sal maak dat enige potensiële kind van Hom tot die korrekte “vrees” vir God sal kom! Soos God se Woord aandui, is vrees **nie** “verskrikking” of om “bang” te wees vir iets slegs nie! Dit is eerder

'n diepgesetelde *verering*, nederigheid en bereidwilligheid om ons Skepper te **gehoorsaam** en nooit te rebelleer teen Sy Wette en Sy regverdige weë wat altyd vrede en vreugde bring nie.

Een van die eerste “toetse” wat Abraham, die “vader van die gelowiges” moes slaag, word in Genesis 22 beskryf. *Lees asseblief hierdie hoofstuk noukeurig!* Hier vind ons hoe God Abraham “getoets” het (vers 1) om te sien of hy *heeltemal onderdanig* sou wees aan sy Skepper – selfs gewillig om sy enigste seun op te offer. Op die heel laaste oomblik, toe Abraham sy algehele onderdanigheid aan God **bewys** het, stuur God Sy Segsman wat sê: “Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en doen hom niks nie; want *nou weet Ek dat jy God vrees* en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie” (vers 12). Toe gee God aan Abraham die wonderlike seën dat geweldige *fisiese* welstand en mag na sy nageslag sal gaan, asook *geestelike* seëninge deur die “saad”, Jesus Christus (verse 15-18).

Abraham moes *aan God bewys* dat hy Hom “gevrees” het en dat hy bereid was om sy eie wil *heeltemal oor te gee* – nie net te “*glo in*” God nie, maar om ook te **doen** wat God beveel! In Spreuke 1:7 lees ons: “Die **vrees** van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug”. Ook in Spreuke 9:10 lees ons: “Die beginsel van die wysheid is die **vrees** van die HERE, en kennis van die Heilige is verstand”. Hierdie geweldige *ontsag* en diepe *verering* vir ons Skepper is dus die uitgangspunt van ware kennis en ware wysheid. Daarsonder wil God ons **nie** in Sy ewige Koninkryk hê nie!

Dit behoort duidelik te wees dat diegene in God se ware Kerk moet leer om hierdie selfde *diepgesetelde verering* en bereidwilligheid te hê om hul Skepper te *gehoorsaam* as wat so goed deur Abraham, die “vader” van die getroues, weergegee is. Die lidmate van die ware Kerk sou ook vir hulself *bewys* het wat God ons in Hebreërs 11:6 meedeel: “En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, *moet glo dat Hy is* en ’n *beloner* is van die wat Hom soek”.

Indien ons *ware* Christene gaan wees, moet ons volkome in ’n ware God **glo** – dié God wat in die Bybel beskryf word. Ons moet ook glo dat, soos die Bybel sê, Hy ’n “beloner” is van diegene *wat naartigelik na Hom soek* – nie van diegene wat halfhartig die “kerk van hul keuse” of die plaaslike kerk-om-die-hoek gerieflikheidshalwe bywoon nie, of glo in watter godsdiensneiging ook tans in die mode is nie!

Waar is God se ware Kerk vandag?

Ware Christene sou ook aan hulself die *inspirasie* van die Bybel bewys het! Jesus sê: “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God” (Lukas 4:4). Hulle sou *hulself oorgegee* het om te gehoorsaam wat Jesus gesê het en te **doen** wat God in Sy geïnspireerde Woord sê. Hulle sal verstaan dat God Homself “onthul” *deur Sy Woord*, **nie** deur ons menslike verbeelding nie. Hulle sal verstaan en reageer op 2 Timotheus 3:16-17: “Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus”.

Soos God dit in die bostaande vers duidelik maak, is die skrifte nie net vir ons ter bemoediging gegee nie, maar ook vir **weerlegging** en **teregwysing**, asook vir “onderwysing in die geregtigheid”. God se ware Kerk moet sy oortuigings **geheel en al** op God se geïnspireerde Woord baseer! Dit moet die *ware Christus* wat in die Bybel as beide Verlosser en Here onthul word, aanvaar – die Een wat ons moet **gehoorsaam**. Diegene wat versuim om dit te doen, het na vore gekom met *honderde* verskillende, mededingende kerklike organisasies – elk met verskillende leerstellings, praktyke en opvattings oor hoe God is.

Die Grondslag van die WAARHEID

In sy baie nuttige en insiggewende boek, *The Battle For the Bible*, verduidelik dr. Harold Lindsell hierdie fundamentele stelling: “Van al die leerstellings wat verband hou met die Christengeloof, is daar nie ’n belangriker een as dié een wat te doen het met die grondslag van ons godsdienskennis nie. Vir enigeen wat die Christengeloof bely, is die kernvraag: Waar kry ek my kennis vandaan waarop my geloof gegrond is? Die antwoorde op hierdie vraag verskil natuurlik, maar vir die Christen eindig dit ten minste altyd weer by die Bybel. *Alles in ag genome, is die enigste ware en betroubare bron van Christenskap dié boek wat ons die Bybel noem*” (bl. 17, klem ons eie).

Ek hoop almal van u sal die bostaande aanhaling noukeurig lees en heelhartig daarmee saamstem, want dit is absoluut **noodsaaklik** vir ware Christenskap. Dit is ook ’n noodsaaklike “sleutel” wat deur enige kerk wat hulself die ware Kerk van God noem, onderrig en beoefen *moet* word! Weer eens, die *ware* volgelinge van God sal slegs diegene wees wat hulself werklik **oorgee** om te **doen** wat die Bybel werklik sê. Hulle sal God se Woord gehoorsaam *selfs* al het dit “probleme” of *erger vervolging* tot gevolg. Soos u weet, het die eertydse Christene *hul lewens in hulle hande geneem* toe hulle Jesus

en die oorspronklike Apostels gevolg het. Hulle is voortdurend vervolgd, soms gemartel en dikwels uit hul werk, hul stede of weg van hul families verdryf. Soos ons reeds gesien het, vertel die Jesus Christus van die Bybel aan almal wat Hom sou volg: “As iemand na My toe kom en hy haat [minder liefhê] nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie. En elkeen wat sy kruis nie dra en agter My aan kom nie, kan my dissipel nie wees nie” (Lukas 14:26-27).

Toe die apostel Paulus gekonfronteer is met watter “mag” ’n kreupel man genes het, antwoord hy manhaftig: “Laat dit bekend wees aan julle almal en aan die hele volk van Israel dat deur die **Naam** van **Jesus Christus**, die Nasaréner, wat julle gekruisig het, maar wat God uit die dode opgewek het, dat deur Hom hierdie man gesond voor julle staan. Hy is die steen wat deur julle, die bouers, verag is, wat ’n hoeksteen geword het. En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook **geen ander naam** onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie” (Handelinge 4:10-12).

Om in God se *ware Kerk* te wees, moet ’n mens Petrus se geïnspireerde opdrag op Pinksterdag opreg navolg: “**Bekeer julle**, en laat elkeen van julle *gedoop word* in die **Naam** van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep” (Handelinge 2:38-39). Wanneer ’n mens die punt bereik waar jy gewillig is om jou hartstogtelik te **bekeer** daarvan om God se heilige Wet te verbreek – want “*sonde is wetteloosheid*” (1 Johannes 3:4) – moet ’n mens gedoop word in die *naam* van Jesus Christus en die Heilige Gees ontvang deur die oplegging van hande. Op daardie oomblik sal die nuwe Christen *heeltemal vergewe* word van die sondes van die verlede en ’n lidmaat van God se Kerk word.

U kan **nie** “aansluit” by God se ware Kerk nie! U moet in die Kerk geplaas word – in die Kerk **gedoop** word – deur God Self, deurdat Hy u met Sy Heilige Gees vervul. Soos Paulus verduidelik: “As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy **nie** aan Christus nie” (Romeine 8:9 NV). Ook: “Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot **een liggaam**, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge” (1 Korintiërs 12:13). Deur die **algehele oorgawe** van u hart, verstand en liggaam aan God *deur Jesus Christus* as Verlosser, sal u inskakel by –

Waar is God se ware Kerk vandag?

geplaas word – in die Kerk van God, wat Christus se liggaam is. Dan – met Christus as u uiteindelijke Heer en Meester – sal u **nie** meer aan uself behoort nie. “Of weet julle nie dat julle liggaam ’n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat **julle nie aan juiself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort**” (1 Korintiërs 6:19-20).

Is u persoonlik gewillig om daardie soort verbintenis te maak?

Algehele oorgawe aan Jesus Christus

God se ware Kerk bestaan uit volgelinge wat bereidwillig is om hulle ten volle aan Christus oor te gee. Hulle moet ook bereid wees om Jesus se opdrag te volg: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself **verloën** en sy **kruis** opneem en My volg. Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind” (Mattheus 16:24-25). Die meeste belydende Christene is deesdae so gesteld daarop om hul lewens te “red” – ’n “goeie tyd” te hê en in te pas by hierdie huidige samelewing – dat hulle dit baie moeilik sou vind om selfs te oorweeg om werklik hierdie kragtige lering van die Seun van God te gehoorsaam.

Ek sal altyd onthou toe ek in Februarie 1957 ’n reeks klein evangeliesamekomste in Londen, Engeland gehou het. Onder die teenwoordiges was ’n baie gawe Skotse egpaar wat bykans elke aand vir vier weke die dienste bygewoon het en baie belangstellend en entoesiasies voorkom het. Hulle het gesê: “Prys die Heer!” en baie ingenome gelyk met wat ek tydens die grootste deel van die veldtog verkondig het. Hulle het gesê hulle sou doen “wat ookal” die Here in gedagte gehad het, maar teen die einde van hierdie evangeliesamekomste het ek aan party van die baie belangrike en *noodsaaklike* opdragte van God wat regstreeks met die Tien Gebooue te doen gehad het, geraak. Skielik het hul gesindheid verander. Hulle het somber en verdedigend geraak.

Ek en my vrou beide het tydens die laaste twee aande wat hulle die samekoms bygewoon het, met hulle probeer gesels. Hulle het erken dat dít wat ek gesê het uit die Bybel kom, maar gesê dat dit tans in hul huidige situasie weens die man se werk “te moeilik” sou wees om God te gehoorsaam. Gevolglik het hulle nie die laaste paar samekomste bygewoon nie en uiteindelik weggeraak in die massa van Londeniete. God se regstreekse opdrag was blykbaar “te moeilik” vir

hulle. Dit het *gehoorsaamheid* vereis op 'n wyse waarop hulle nie bereid was om te reageer nie.

Een van die beste ware leraars wat ek ooit geken het, het dikwels gesê: “God sal nie iemand ‘red’ wat Hy nie kan *regeer* nie!” U sien, soos met die voorbeeld van Abraham, vereis God dat ons aan Hom ons gewilligheid bewys om ons lewens en wil *geheel en al* aan Hom *oor te gee* deur te **doen** wat Hy sê!

Moet asseblief nie misverstaan nie! Ek probeer nie die idee oordra dat elke persoon hierdie *bykans volmaakte gesindheid* van onderworpenheid aan God moet hê **voordat** hy 'n lidmaat van Sy ware Kerk kan word nie! Die basiese *begrip* en bereidwilligheid om *te groei* in daardie volmaakte onderworpenheid aan ons Skepper *moet eger bestaan*. In hierdie Werk wat die lewende Christus gebruik om Sy boodskap te verkondig, **kan** ons u **nie** help deur aan u 'n “goedkoop plaasvervanger” te bied vir ware Christenskap nie. Ons kan en mag nie aan u “goedkoop genade” bied en, soos deur so baie beweer word, sê: “*God aanvaar u soos u is!*” nie.

Die ware Jesus Christus van die Bybel sê: “En **wat** noem julle My: Here, Here! **en doen nie** wat Ek sê nie?” (Lukas 6:46).

Die *ware* Jesus Christus sê ook: “Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil **doen** van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid werk!” (Matteus 7:21-23).

Let noukeurig op die laaste frase van hierdie geïnspireerde lering van die Seun van God: “*Gaan weg* van My, julle wat die **ongeregtheid** werk!”

Diegene wat voorgee om die Tien Gebooe te onderrig, maar wat dan allerlei verskonings uitdink om die einste **grondslag** van ware Christenkarakter te “verwater”, is in diep moeilikheid! Die apostel Jakobus is geïnspireer om te skryf: “Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword. Want Hy wat gesê het: Jy mag nie egbreek nie, het ook gesê: Jy mag nie doodslaan nie. As jy nou nie egbreek nie, maar doodslaan, het jy 'n oortreder van die wet geword. Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word” (Jakobus 2:10-12).

Waar is God se ware Kerk vandag?

Jakobus verwys duidelik na die Tien Gebooi. *Dit* is die Gebooi wat onderrig téén moord en egbreuk. Jakobus wys dat ons **al tien** van God se Gebooi moet gehoorsaam – nié na vore moet kom met slim redes waarom *enige* daarvan mee “weggedoen” is of dat party aangepas of “verwater” is om by ons hedendaagse lewenswyse te pas nie.

Inteendeel, God se ware Kerk bestaan uit diegene wat die *ware* “vrees vir God” het – wat moeg is om “speletjies te speel” met godsdiens en bereid is om *met ywer te soek* na die God van die Bybel, Sy Gebooi te **onderhou** en hulself waarlik aan Christus oor te gee om *Sy gehoorsame lewe* deur die Heilige Gees in hulle te leef. Trouens, een van die beste enkelversdefinisies van ’n ware Christen waarvan ek weet, tref ons aan in Paulus se geïnspireerde stelling: “Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, *maar Christus leef in my*. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het” (Galasiërs 2:20). *Dit* is die einste grondslag van *ware* Christenskap. *Dit* is die grondslag van die **ware** Kerk van God!

2. Die Ware Kerk het God se NAAM

Dit klink byna te eenvoudig. Mens sou reken dat mense sou weet. *God vernoem dinge na wat hulle is!*

Voordat Satan gerebelleer het, is hy “Lucifer” genoem, wat “ligbringer” beteken. Nadat hy die lewende God egter probeer ontroon het, is sy naam na “Satan” verander. Dit beteken “vyand” of “teenstander” – presies dít wat hierdie groot gevalle gerub geword het.

Die naam “Jakob” beteken “verdringer” of die een wat ’n ander “verdring”. Nadat hy met God se BoodsAPPER gestoei het en God vir hulp begin vra het, het God sy naam *verander* na “Israel”. Dit beteken “oorwinnaar” of “volhouer” in God. Regdeur die Bybel sien ’n mens hierdie beginsel. Name is vir God *baie belangrik* en Hy *vernoem dinge na wat hulle is!*

Baie jare gelede, in 1517, het ’n jong Katolieke priester in Duitsland omgekrap geraak oor die verkoop van “vergunnings” – die Rooms-Katolieke praktyk om vergifnis vir sonde te beloof wanneer geld betaal word. Hy het 95 tesse aan die kerkdeur vasgespyker waarin hy verduidelik het waarom die verkoop van vergunnings verkeerd was en waarin hy voorts verduidelik het wat sy ander verskille met die Rooms-Katolieke Kerk was. So het Martin Luther

onwetend die Protestantse Hervorming begin. Later, na 'n breuk met die Roomse Kerk, het sy volgelingen hulself “Luthers” genoem na hierdie hervormer. Hulle het besluit om hul kerk die “*Lutherse Kerk*” te noem.

Jare later, nadat John Wesley 'n gevoel van “innerlike warmte” en vrede ervaar het ná 'n sekere godsdiensbyeenkoms, het hy 'n ander benadering tot God en godsdiens begin verkondig. Met verloop van tyd het sy volgelingen besluit om hul kerk na hom te vernoem. Hoewel die naam “Wesleys” wyd in gebruik was, het Wesley en sy volgelingen egter bekend geraak vir hul “metodiese” en georganiseerde optrede en wat as 'n bynaam begin het, het uiteindelik die naam van hul hele kerklike organisasie geword, “Die *Metodiste Kerk*”.

Presbiteriane is vernoem na hul vorm van kerkregering deur die ouderlinge, of “*presbiters*”. Baptiste is vernoem na een leerstelling: dié van *doop* (Engels: baptise). Sewendedag-Adventiste is vernoem na *twee* van hulle leerstellings – geloof in die sewendedag Sabbat en die “advent” of Wederkoms van Jesus Christus. Baie ander kerke se name is afkomstig van hulle dorpe, hul regeringsvorm of die een of ander leerstelling.

Hoe moet God se ware Kerk dan genoem word? Moet dit na 'n mens vernoem word? Moet dit na die een of ander *land* of geografiese streek vernoem word? Moet dit na 'n *leerstelling* of praktyk van die Kerk vernoem word? Gee God vir ons enige aanduiding in die *Bybel* van wat Sy Kerk genoem moet word? Party mense mag dalk verbaas wees om te hoor *dat Hy dit wel doen!*

Die regte “naam” word twaalf keer genoem

Toe die apostel Paulus die ouderlinge van die Kerk in Efese opdrag gee, skryf hy: “Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die *gemeente van God* te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het” (Handelinge 20:28).

Wie moet versorg word? Die “*gemeente van God*” moet versorg word.

Blyk dit bloot té voor-die-hand-liggend dat God se ware Kerk *presies dit* genoem word: “Die Gemeente [Kerk] van God”. Neem kennis van 1 Korintiërs 1:1-2. In sy amptelike skrywe aan die gemeente, inspireer die Heilige Gees Paulus om te skryf: “Aan die *gemeente van God* wat in Korinthe is ...”. Later in die brief vertel hy

Waar is God se ware Kerk vandag?

hulle: “Wees geen oorsaak van struikeling vir Jode of Grieke of vir die *gemeente van God* nie” (1 Korintiërs 10:32).

In 1 Korintiërs 11:16 beskryf Paulus die baie gemeentes *gesamentlik* as “*gemeentes van God*”. In vers 22 van hierdie hoofstuk verwys Paulus weer na hulle as “die *gemeente van God*”. In 1 Korintiërs 15:9 skryf hy: “Want ek is die geringste van die apostels, wat nie werd is om ’n apostel genoem te word nie, omdat ek die *gemeente van God* vervolg het”. 2 Korintiërs begin met dieselfde amptelike aanvoering: “Aan die gemeente van God wat in Korinthe is”. Ook in 1 Thessalonicense 2:14 verwys Paulus na die oorspronklike Christene as die navolgers “van die *gemeentes van God* wat in Christus Jesus is in Judéa”.

Die inleiding tot albei Paulus se briewe aan die Thessalonicense verwys na die “gemeente van die Thessalonicense wat *in God* die Vader” is, want hulle was Sy gemeentes en *moes eensgesind met Hom wees*. In 1 Timotheus 3:5 sê Paulus ook vir die jong evangelis Timotheus dat, as ’n ouderling nie weet hoe om sy eie huis te beheer nie, “hoe sal hy vir die *gemeente van God* sorg dra?” Laastens, in 1 Timotheus 3:15 deel Paulus Timotheus mee dat hy skryf om hom te vertel hoe om homself te gedra in “die huis van God, wat die *gemeente is van die lewende God*, ’n pilaar en grondslag van die waarheid”.

Hoe duidelik!

Regdeur die Nuwe Testament – in *twalf onderskeie teksverse* – word die ware Kerk die “gemeente van God”, “gemeentes van God”, “gemeente van die Thessalonicense wat *in God* is” en in die heidense Efese waar die afgod van die godin Diana was, die “gemeente van die *lewende God*” genoem.

Die stigter of eenaar se naam word dikwels in sake- of industriële bedrywighede aan ’n onderneming gegee as die kenmerkende “teken” van eienaarskap of beheer: Byvoorbeeld, die “De Beers Diamantmyn” of “Lever Brothers”. **God** se *naam* word altyd aan Sy ware Kerk gekoppel. Christus is God; daarom sien ons ook in een of twee verse die benaming, “gemeente van Christus”.

Een van die absolute voorvereistes van kenmerkende **tekens** van God se *ware Kerk*, is dat dit *God se naam moet dra*! Die naam *alleen* is nie ’n klinkklare bewys van die identiteit nie, maar saam met die vier ander kenmerkende tekens wat ons sal bespreek, is dit ’n absolute *noodsaaklike* benaming, want God *vernoem dinge na wat hulle is*. Trouens, pas voor Sy kruisiging, bid Jesus vir Sy volgelinge: “Heilige

Vader, *bewaar in u Naam* die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons” (Johannes 17:11).

3. Toename in genade en kennis

Die apostel Paulus skryf: “As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie” (Romeine 8:9 NV). Verder: “Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God” (vers 14).

Om waarlik “Christelik” en ’n kind van God te wees, moet ’n mens gevul word met en *gelei word* deur die Heilige Gees. Die Bybel toon duidelik dat elke kind van God *geestelik moet groei*. So moet die ware Kerk van God waarlik geestelik **toeneem** in *begrip* en *diepsinnigheid*. Dit moet ook *gelei word deur* die Heilige Gees.

Let nou op hoe die Heilige Gees werk. Jesus verduidelik dat die Heilige Gees die “Gees van die waarheid” is. Hy sê dat wanneer die Gees van die waarheid gekom het, dit Christene na die volle waarheid sal lei en hulle selfs sou vertel van toekomstige dinge (Johannes 16:13). Let op dat die Gees ons *in die volle waarheid* “lei”. Dit help ons ook om *profesie te verstaan* – “toekomstige dinge”.

Dit is ’n proses van *groei* en **verandering**; ’n proses om al hoe meer soos God te word in ons karakter, ons denke en ons gewoontes. Die apostel Petrus druk dit moontlik die beste uit: “Maar julle moet **toeneem** in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus” (2 Petrus 3:18).

Die ware Kerk van God bestaan uit waarlik *bekeerde* Christene – volgelingen wat beslis reeds deur die krag van God se Heilige Gees verander is en *in die proses is* om **verander** te word. Net soos elke individu moet “groei” in genade *en kennis*, so moet die verenigde liggaam van daardie individue – die ware Kerk – *ook groei*.

Byvoorbeeld, Daniël het ontsagwekkende visioene en drome ontvang oor gebeure wat op die aarde gaan plaasvind aan die einde van die tyd – moontlik net ’n paar jaar van nou af. Hy vra: “My heer, wat is die uiteinde van hierdie dinge?”

God se engel antwoord hom dan: “Gaan heen, Daniël, want die woorde bly verborge en verseël *tot die tyd van die einde* toe” (Daniël 12:8-9). Nou, met die mensdom se vermoë om alle lewe op die planeet uit te wis, is ons beslis in die geprofeteerde “eindtyd”.

Waar is God se ware Kerk vandag?

Wie VERSTAAN werklik?

Is daar vandag 'n kerk wat waarlik **toeneem** in sulke kennis en begrip van Bybelprofesieë? Weet u van enige kerk wat bereid is om te **verander** en te **groei**, om nie meer soos die wêreld te word nie, maar om eerder dieper begrip te kry van die Meesterplan wat God hier op aarde uitwerk? Is daar 'n kerk wat waarlik verstaan *waarheen ons op pad is* – *waarom* die Verenigde State en Groot Brittanje stadig, maar onvermydelik, van hul toppunt van nasionale grootsheid glip en *hoe* en *waarom* 'n magtige unie van nasies in Europa binnekort *die* mag gaan word om mee rekening te hou?

Daar is 'n Kerk wat begryp **waarom** u gebore en op hierdie aarde geplaas is, en verstaan wat die ongelooflike menslike potensiaal is – insluitend die verbasende waarheid dat God Homself *letterlik voortplant*. Hierdie Kerk weet *waarom* die meeste mense in hierdie huidige tydvak nooit by **enige** soort “Christelike” kerk of organisasie aansluit nie en **waarom** God *nie eens* gedurende hierdie 6,000 jaar lange periode **probeer** om die wêreld te “red” nie, terwyl Hy, as die *Almagtige* God, duidelik die **mag** het om dit te doen as Hy dit sou verkies.

God se ware Kerk *verstaan* hierdie aangeleenthede en kan *duidelike antwoorde uit die Bybel* gee op hierdie basiese vrae. Dit is 'n Kerk wat *aanhou onderrig en toeneem* in lewensbelangrike kennis en begrip.

Onthou dat “hoofstroom”-kerke selde, *indien ooit*, verander of groei in ware kennis. Wanneer hulle wel verander, is dit amper altyd in die rigting van verwêreldliking – “verwatering” van die klein bietjie Bybelse waarheid wat hulle nog eens kon gehad het.

Die ware Kerk van God *groe*i egter voortdurend na dieper en voller begrip van die Bybel van die groot **doel** wat hier op aarde uitgewerk is en van die opwindende vervulling van **Bybelprofesie** wat nou begin ontvou.

4. Die “TEKEN” van God se volgelinge

Verwysend na ware Christene wat van die komende Groot Verdrukking vlug, sê Jesus: “En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie” (Mattheus 24:20). *Waarom* sou Jesus besorg wees oor Sy volgelinge wat die Sabbatdag onderhou?

Omdat dit nog altyd die “toetsgebod” was en steeds is – 'n toets om te sien of elkeen van ons *God sal gehoorsaam net omdat Hy so sê*.

Dáárom is dit 'n kenmerkende “teken” van Sy volgelinge. Dit dui ook op die ware God, die Skepper van die hemel en die aarde.

Jesus het die Sabbat onderhou “soos Hy gewoon was” (Lukas 4:16). Die Apostel vir die Heidene het altyd op daardie dag gepreek en aanbiddingsdienste gehou (Handelinge 17:2).

In die Ou Testament is 'n spesiale Sabbatverbond met Israel gemaak: “Spreek jy met die kinders van Israel en sê: Julle moet sekerlik my sabbatte onderhou, want dit is 'n **teken** tussen My en julle in julle geslagte, sodat *die mense* kan weet dat Ek die *HERE is* wat julle heilig. Onderhou dan die sabbat, want dit moet vir julle heilig wees. Hy wat dit onheiligh, moet sekerlik gedood word; want elkeen wat daarop werk verrig, dié siel moet uitgeroei word onder sy volksgenote uit. Ses dae lank kan werk verrig word, maar op die sewende dag moet dit wees 'n dag van volkome rus, heilig aan die *HERE*. Elkeen wat op die sabbatdag werk doen, moet sekerlik gedood word. En die kinders van Israel moet die sabbat onderhou deur die sabbat te vier in hulle geslagte as 'n ewige verbond. Tussen My en die kinders van Israel is dit *vir ewig* 'n **teken**; want *in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik*” (Eksodus 31:13-17).

Om hierdie punt oor God se ware Sabbat en die betekenis daarvan aan uself te bewys, vra dadelik aan vir ons *gratis* boekie, *Watter dag is die Christelike Sabbat?*

Benewens die weeklikse Sabbat, het God aan Sy volgelinge sewe *jaarlikse* Sabbatte of Heilige Dae gegee. Hierdie geestelike “jubelfeeste” beeld God se groot **plan** van verlossing uit. Diegene wat versuim om dit te onderhou, verstaan **nie** God se groot plan en doel nie. Hulle weet byvoorbeeld **nie** *waarom* God nie nou almal “red” nie. Hulle ken ook nie die presiese tyd wanneer **alle** mense wat nog ooit geleef het volgens God se Meesterplan, *ware begrip* van God se Woord en ware Christenskap sal ontvang – en wanneer die *oorgrote meerderheid* mense daarop sal reageer, nie!

Een van hierdie geestelike feeste is die Pasga. Die meeste kerke het die tyd en manier van die viering van hierdie dag *verander* en noem dit die “Laaste Avondmaal”, “Nagmaal” of iets anders. Jesus het dit as die “Pasga” onderhou (Lukas 22:15-20). Die apostel Paulus het die Pasga en die gepaardgaande “Dae van Ongesuurde Brode” onderhou (1 Korintiërs 5:7-8).

Waar is God se ware Kerk vandag?

Die Paaslam van antieke Israel het gedui op die *dood* van Jesus Christus – die Lam van God – vir ons sondes. Net ná die Pasga is die “Dae van Ongesuurde Brode” gevier. Deur rysmiddels uit hul huise te verwyder, moes Christene uitbeeld hoe hulle van *sonde ontslae raak* en **toeneem** in genade en kennis – die volgende stap na aanvaarding van Christus se offer!

Paulus onderrig die gemeente in Korinthe, wat uit Grieke bestaan het, *hoe* om die Fees van Ongesuurde Brode te onderhou: “Laat ons dan **feesvier**, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde *brode* van reinheid en waarheid” (1 Korintiërs 5:8). Let hierop! Hierdie is ’n **Nuwe-Testamentiese** gebod – **nie vir Jode** nie – maar vir ’n gemeente wat hoofsaaklik uit *Grieke* bestaan het, om die Fees van Ongesuurde Brode te onderhou. God se *ware* Kerk moet hierdie Godgegewe fees onderhou, net soos Christus, die Apostels en **al** die eertydse Christene gedoen het!

Vir ’n volledige verduideliking van hierdie dae en hul betekenis, kan u ook skryf om ons gratis boekie, *Die heilige dae: God se meesterplan*, te bekom.

Die punt is dat hierdie *jaarlikse* Sabbatte en Heilige Dae ook deel is van God se “teken” waaraan *Sy volgelinge* uitgeken word. Let op God se duidelike stelling rakende die dae van Ongesuurde Brode: “En dit moet vir jou as ’n **teken** wees op jou hand en ’n gedenkteken tussen jou oë, sodat die **wet** van die HERE in jou mond mag wees ...” (Eksodus 13:9).

Waar ookal God se ware volgelinge is – waar ookal *Sy Kerk* is – sal *Sy* dienaars die kenmerkende “teken” van God se ware weeklikse en jaarlikse Sabbatte hê, want die weeklikse Sabbat dui op die ware God – die Skepper – en die jaarlikse Sabbatte dui *Sy* wonderlike **plan** aan.

Trouens, indien u of u huidige kerk nie gewillig is om waarlik die vierde gebod, wat ons beveel om die sewende dag van die week as “heilige tyd” te onderhou, nie **gehoorsaam** nie, sal u daar sit en stry en God se Gebooie “wegredeneer” terwyl *Sy* ware Kerk na *veiligheid vlug* soos *Christus* aandui in Mattheus 24:20! U sal ook *baie dors* word wanneer die duisendjarige regering van Christus begin en Hy noodgedwonge *algehele droogte* oor *al* die nasies en volke bring wat *weier* om **Sy** bevole Heilige Dae te onderhou – veral die Loofhuttefees (Sagaria 14:16-19)! Om u *eie* ontwil – en dié van u geliefdes – moet asseblief nie hierdie **reuse** aangeleentheid geringskat nie! Is *u* bereid

om oor te gee en u Skepper te **gehoorsaam** op hierdie lewensbelangrike punt?

5. God se Kerk doen God se ware WERK

Hierdie is een van die “tekens” wat Jesus rakende Sy Wederkoms en die einde van hierdie tyd gegee het: “En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot ’n *getuienis* vir al die nasies; en dan sal die einde kom” (Mattheus 24:14).

Kort voor Jesus se Wederkoms, sal Sy ware dienaars êrens op hierdie aarde die boodskap van die komende wêreldregerende Koninkryk van God met toenemende krag verkondig! Hulle sal die boodskap verkondig van innige **bekering** en algehele **oorgawe** aan God en Sy Wette wat Jesus Self verkondig het. Hulle sal verduidelik hoe ware Christenskap nie net beteken om Jesus Christus te aanvaar as persoonlike Saligmaker nie, maar om Hom *werklik* te aanvaar as ons *Heer*, ons *Hoëpriester* en ons eerskomende **Koning**, want Jesus se komende Koninkryk is ’n Koninkryk *in die ware sin van die woord*. ’n Koninkryk is ’n *regering* – en in u Bybel, van voor tot agter, handel God se boodskap oor Sy komende regering, wat al die regerings van hierdie wêreld heeltemal sal **vernietig** en vir ewig sal regeer (Daniël 2:44; Openbaring 11:15).

Die lewende Jesus Christus sal binnekort in grootse **mag** terugkeer om *hierdie aarde te regeer* en die mens daarvan te red om homself van die planeet te verdelg (Mattheus 24:22)! Soos Jesus vir een “era” of “vertakking” van Sy ware Kerk sê: “En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek **mag** oor die nasies gee, en hy sal hulle **regeer** met ’n ysterstaf” (Openbaring 2:26-27).

Let op: “En het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers” (Openbaring 5:10). Let daarop dat Christus en Sy heiliges “*op die aarde*” sal regeer – **nie** bo “*in die hemel*” nie!

Die lewende boodskap van Sy eerskomende wêreldregering moet deur God se ware Kerk verkondig word. Hierdie boodskap word **nie** gegee om almal te bekeer nie, maar word as “getuienis” verkondig sodat die mensdom gouer sal verstaan wanneer hierdie eindtydgebeure werklik plaasvind.

God is ook in die proses om mans en vroue deur Sy Kerk te onderrig in lesse in die bou van karakter en gehoorsaamheid, sodat

Waar is God se ware Kerk vandag?

hulle “gereed” sal wees om onder die lewende Christus te dien wanneer Hy terugkeer as Koning van konings. Die apostel Paulus is geïnspireer om ware Christene bewus te maak van hierdie absoluut *noodsaaklike* aspek van ’n Christen se lewe en die soort *voorbereiding* en *onderrig* wat ware Christene behoort te ontvang. Paulus skryf: “Weet julle nie dat die *heiliges die wêreld sal oordeel* nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat *ons engele sal oordeel* nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?” (1 Korintiërs 6:2-3).

Ten einde ander mense te regeer, moet mens eers leer hoe om jouself te regeer. God se *regering* is op Sy geestelike Wet – die Tien Gebooue – gegrond. Dit is dus waarom God vir Sy ware heiliges sê: “Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier *is* hulle wat die **gebooue** van God en die geloof in Jesus *bewaar*” (Openbaring 14:12).

Nog ’n uiters **noodsaaklike** deel van die Werk van die ware Kerk is om die Bybelse *profetiese boodskappe* te verstaan en te verkondig. Sowat *een kwart* van die ganse Bybel is aan profesie gewy! God se Woord self leer ons: “Want die getuienis van Jesus **is die gees van die profesie**” (Openbaring 19:10).

God se Kerk verstaan en verkondig aan u die ware *betekenis* van huidige gebeure, die “Geheelbeeld” van **waarom** die VSA en ander lande van Britse afkoms toenemend hul mag en aansien verloor en presies **waartoe** dit aanleiding gee. Dit kan verduidelik *waarom* die oorwegend Katolieke nasies van die Europese vasteland toenemend verenig, *waartoe* dit aanleiding sal gee en **waarom** die Britte – binne ’n paar jaar – uit die Europese Unie gaan *onttrek* of daaruit “gedryf” gaan word. Indien u werklik hierdie noodsaaklike kwessies wil *verstaan*, skakel of skryf en vra aan vir u *gratis* kopie van ons insiggewende boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*

Nog ’n noodsaaklike deel van die profetiese opdrag van God se Kerk tydens hierdie eindtyd, is dít wat ons die “Esegiëlwaarskuwing” noem. Dit is die **waarskuwingsboodskap** wat God duidelik aandui deur Sy ware dienaars gerig moet word, *veral* aan die twaalf stamme van Israel. Soos die reeds genoemde boekie duidelik verduidelik, is die Anglo-Keltiese nasies van die VSA en die Britse Gemenebes die afstammeling van die sogenaamde “verlore tien stamme” van Israel. *Hulle*, saam met die Joodse volk, sal die ergste getref word deur die

eerskomende Groot Verdrukking. Dit is *die mense* wat teen hierdie komende volksmoord **gewaarsku moet word** – *vroegtydig!*

Ons, in die Lewende Kerk van God, voel dus *wel* die verantwoordelikheid om te reageer op God se opdrag aan die **eindtydse brandwag**: “En hy sien die swaard aankom oor die land en blaas met die basuin en waarsku die mense – as dan iemand die geluid van die basuin hoor, maar hom nie laat waarsku nie, en die swaard kom en neem hom weg, dan is sy bloed op sy hoof. Hy het die geluid van die basuin gehoor, maar het hom nie laat waarsku nie: sy bloed is op hom. Maar as hy hom laat waarsku, dan red hy sy siel. As daarenteen die wag die swaard sien kom en met die basuin nie blaas nie, sodat die mense nie gewaarsku is nie, en die swaard kom en neem ’n siel uit hulle weg – dan is hy deur sy ongeregtigheid weggeneem, maar sy bloed sal Ek van die hand van die wag eis. En jy, o mensekind, Ek het jou as wag oor die huis van Israel aangestel; en as jy ’n woord uit my mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku” (Esegiël 33:3-7). Hierdie is ’n *noodsaaklike* deel van die verantwoordelikheid van God se *ware* dienaars tydens hierdie “laaste dae”.

Slegs **God se Kerk** verstaan werklik en gee u die ware begrip van hierdie en ander wêreldveranderende neigings wat *u lewe binnekort ingrypend gaan raak!* God se *ware* Kerk sal ook sy lidmate aanhoudend leer, onderrig en werklik *voorberei* vir hul toekoms as konings en priesters in Christus se wêreldregering wat binnekort gevestig gaan word (Daniël 7:27; Lukas 19:15-19; Openbaring 1:5-7; 5:10; 20:6). U moet *u verstand ontvanklik maak*, u Bybel met ywer *bestudeer*, God vir *begrip* vra en “kyk” waar die lewende Christus tydens hierdie eindtyd werk! God se *ware* Kerk sal die Bybel *in geheel* onderrig – **nie** slegs ’n paar sentimentele verse oor Jesus Christus as *persoon* terwyl hulle terselfdertyd die kragtige **boodskap** wat Hy self gepreek het, nalaat nie. U kan daardie Kerk *opspoor* en deel daarvan word – **mits** u gewillig is!

God se Kerk het AL VYF die kenmerkende “TEKENS”

God se *ware* Kerk verkondig wêreldwyd die *komende regering van God op aarde* – met toenemende mag – deur Jesus Christus en die herrese heiliges, gegrond op God se *Wet* en Sy Gebooie. God se *ware* Kerk onderrig die *lewenswyse* wat Christus en Sy Apostels onderrig en geleef het. Die Kerk beoefen *God se vorm* van regering en berei sy

Waar is God se ware Kerk vandag?

lidmate voor om *Christus by te staan om hierdie wêreld te regeer* (1 Korintiërs 6:2-3).

Dit is belangrik om kennis te neem dat, terwyl God se ware Kerk een geestelike organisme is, die Bybel toon dat dit normaal is vir die Kerk om terselfdertyd uit 'n paar verskillende korporatiewe “genootskappe” of “vertakkings” te bestaan. In hoofstukke 2 en 3 van Openbaring, onthul Christus die kenmerke van die sewe tydperke of “eras” van God se ware Kerk. Hy vind wél fout met die meeste van die sewe kerke of “eras” – maar nie met die Filadelfia-era nie. Hierdie “eras” verteenwoordig gesindhede wat altyd in God se Kerk teenwoordig is en dit dui ook op die verloop van “oorheersende” gesindhede in die Kerk as geheel. Vandag is ons duidelik in die Laodisiëse-era, wat deur God verdoem word omdat hulle “lou” is, hoewel dit groot dele van die Waarheid bevat. Die lewende Jesus Christus sê: “Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug” (Openbaring 3:15-16).

Die Lewende Kerk van God, wat hierdie boekie uitgee wat u nou lees, streef daarna om die klem van die Filadelfia-era selfs in ons Laodisiëse-era te behou. Ons vermaan God se volgelinge opreg om *ywerig* te wees om God se Werk te doen, om voor te berei om konings en priesters in Christus se Koninkryk te wees en om heeltemal oor te gee aan Christus se regering in die Kerk en in ons persoonlike lewens. Ons in die Lewende Kerk van God is beslis daarop gefokus om die Werk te voltooi wat Jesus Christus in hierdie laaste dae deur Sy Kerk doen.

Jesus inspireer die apostel Paulus om ons in 1 Korintiërs 12 te vertel dat Sy Kerk die “liggaam” van Christus is – die *fisiese instrument* waardeur Christus vandag werk om Sy Werk gedoen te kry en die toekomstige konings en priesters op Sy Koninkryk voor te berei. Dit is belangrik om daarop te let dat daardie liggaam *altyd* bestaan het. Onthou, Jesus sê: “En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie” (Mattheus 16:18).

Dus, sedert Christus na die hemel opgevaar het en die *lewende* Hoof van die Kerk geword het, het Hy Sy “klein kuddetjie” deur die eeue heen deur beproewings, toetse en vervolgings gelei. Dit sal uiters nuttig wees vir elkeen van u om u *gratis* eksemplaar van ons onthullende boekie, *God se Kerk deur die eeue*, oor hierdie onderwerp

te bestel. Hierdie boekie teken die geskiedenis van die ware Kerk deur die eeue *deeglik aan* – met behulp van baie ander kerkgeskiedenis en hulpbronne om die feite te bewys. Dit sal u help verstaan *waar* God se ware Kerk nog altyd was en *waar* dit nog steeds vandag is.

Deur die “vrugte” te ondersoek, kan u vir uself sien hoe God die Lewende Kerk van God gebruik om Sy doelwitte te bereik. Onthou, soos tevore genoem, is God se ware Kerk die “liggaam” van Christus. Soos die apostel Paulus skryf: “Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus. Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge” (1 Korintiërs 12:12-13).

Verskillende “vertakkings” van God se Kerk

Ten einde in die liggaam van Christus te wees, moet jy jou *ten volle oorgee* aan God en deur Sy Gees gelei word: “As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy **nie** aan Christus nie” (Romeine 8:9 NV). So moet elke lidmaat van die ware Kerk waarlik bekeer wees en deur God se Gees gelei word. Weer eens, God gee die Heilige Gees “aan die wat Hom **gehoorsaam**” (Handelinge 5:32). Tog, deur die eeue heen, was daar baie verskillende Kerk-van-Godgenootskappe – “vertakkings” van die ware Kerk – wat soms tegelykertyd bestaan het. In die eerste eeu na Christus het die apostel Johannes van sewe kerke in Klein-Asië geskryf, wat almal gesindhede geopenbaar het wat regdeur die kerkgeskiedenis teenwoordig sou wees, elkeen verteenwoordigend van ’n dominante gesindheid in die Kerk in die opvolgende “eras”. Hierdie verskillende “vertakkings” van God se ware Kerk was dikwels in verskillende dele van die wêreld – by tye selfs onbekend aan mekaar. Gedurende die 12de en 13de eeu het God se ware Kerk tussen die Bogomille in Hongarye bestaan; onbewus van die feit dat ’n soortgelyke groep Sabbatonderhouers gelyktydig in Groot-Brittanje bestaan het.

Baie mense in die VSA is bewus van die Sewendedag Kerk van God. Oor die jare het dit verskeie “skeurings” ondergaan – soos baie kerklike instansies ervaar – en voor die Tweede Wêreldoorlog het dit gebeur dat een groep hul hoofkwartier in Santberry, Missouri, gehad het en ’n ander in Caldwell, Idaho. Uit hierdie gebied het God die ene Herbert W. Armstrong opgehef wat vir baie jare die organisasie gelei het wat as die Wêreldwye Kerk van God bekend geraak het. Die

Waar is God se ware Kerk vandag?

Wêreldwye Kerk van God het by verre die grootste groep ware gelowiges geword wat hul lewens oorgegee het om die hele Wet van God te onderhou, die ware Sabbat te onderhou, die Evangelie van die komende Koninkryk van God te verkondig en die regte *naam*, “die Kerk van God”, te gebruik. Selfs gedurende hierdie tyd het die reedsgenoemde groepe van die Sewendedag Kerk van God steeds bestaan. Mnr. Armstrong het dikwels erken dat hierdie verskillende gemeentes “vertakkings” van die ware Kerk was.

Gedurende mnr. Armstrong se bediening het die meeste mense wat tot die Waarheid geroep is, hulself twee lewensbelangrike vrae gevra:

- Waar word die waarheid van die Bybel die duidelikste gepreek?
- Waar word die “Werk” op sy kragtigste gedoen?

Onthou, die “Werk” bestaan nie net daaruit om die waarheid van die Bybel te preek nie, maar spesifiek om aan die wêreld die eerskomende Koninkryk van God te verkondig (Mattheus 24:14), om aan die “Israelitiese” nasies ’n dringende waarskuwing te rig oor die komende Groot Verdrukking, om “die kudde te voed” met die “hele raadgewing van God” (Handelinge 20:27) en om God se volgelinge waarlik te onderrig, op te lei en voor te berei om “konings en priesters” in Christus se Koninkryk te wees (Openbaring 5:10).

Die meeste mense van die Sewendedag Kerk van God was beslis “aangenaam” en het oor ’n gedeelte van die Waarheid beskik, maar was blykbaar tevrede daarmee om slegs die basiese dinge te onderrig en in die stilte hul gemeenskap met mekaar te geniet. Dit blyk hulle het tekortgeskiet aan die “vurige” ywer om “die wêreld in te gaan” en die Evangelie kragtig te verkondig en ook die “Esegiëlwaarskuwing” (Esegiël 33:1-7) oor die komende Groot Verdrukking wat hoofsaaklik die Anglo-Keltiese nasies sal tref, te verkondig.

Jesus deel ons mee, met betrekking tot *enige* godsdiensorganisasie: “So sal julle hulle dan aan hul **vrugte** ken” (Mattheus 7:15-20). So rus die verantwoordelikheid op elke persoon om die volgende noukeurig te oorweeg: *Waar* werk Christus hoofsaaklik vandag? *Wie* preek meer van die Waarheid? *Wie* doen die Werk meer doeltreffend om die Evangelie aan die publiek regoor die wêreld te verkondig?

Ons verstaan uit die Bybel en uit die geskiedenis dat die Kerk van God die “liggaam” van Jesus Christus is – die liggaam van gelowiges in die volle Waarheid van die Bybel. Waar ookal God se ware volgelinge is, hulle sal diegene wees wat *hul lewens oorgegee het* om

te leef “volgens elke woord van God”. Binne die groter liggaam van Christus, moet God se ware volgelinge mekaar **liefhê** soos Jesus almal van ons liefgehad het (Johannes 13:34). Waar daardie mense in verskillende korporatiewe gemeentes is, sal daar verskillende sterk punte en verskillende fokuspunte wees. Uitgaande liefde, broederlike goedheid en die gees van dienswilligheid sal egter teenwoordig wees in die bekeerde lidmate van God se Kerk, ongeag waar hulle woon en tot watter spesifieke godsdiensgemeenskap hulle behoort, want die *ware* liefde van God is vierkantig op die Tien Gebooie gegrond. Die apostel Johannes is geïnspireer om ons die volgende mee te deel: “Want dit is die liefde tot God dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie” (1 Johannes 5:3).

Dus, deur die Gees van Christus in hulle, sal die ware volgelinge van God hierdie weg volg. Hulle sal die begrip en moed hê om *al tien* van die Tien Gebooie te gehoorsaam – om die voorbeeld van Openbaring 14:12 uit te leef: “Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat *die gebooie van God* en die **geloof** in Jesus **bewaar**”. Hulle sal ook die geloof uitleef om die kenmerkende “teken” te **onderhou** wat God aan Sy volgelinge gegee het (Eksodus 31:16-18).

Eerder as om te argumenteer en verskonings te maak vir ongehoorsaamheid, hóú God se Kerk dít wat God heilig gemaak het, *heilig*. Dit volg die geïnspireerde *voorbeeld* van Jesus en die Apostels om God se Sabbat en Sy jaarlikse Heilige Dae waardeur Sy ontsagwekkende **plan** onthul word, te onderhou. Laastens doen God se Kerk die **Werk** om as ’n “getuienis” die boodskap van verlossing *deur Jesus Christus* te verkondig en ook die *goeie nuus* van die eerskomende *Koninkryk van God* wat gegrond is op Sy Wette.

Die organisasie wat hierdie boekie publiseer, streef daarna om al hierdie dinge te doen. Soos u weet, probeer ons in die Lewende Kerk van God om al die bogenoemde waarhede ter ganser harte na te volg en om kragtig die **eindtyd**-Bybelprofesieë te verkondig en om alles in ons vermoë te doen om ons Israelitiese mense teen die komende Groot Verdrukking te **waarsku**. Met ons hoofkwartier in Charlotte, NC, kantore regoor die wêreld, talle plaaslike gemeentes met leraars, wêreldwye radio- en TV-programme en ’n groeiende uitgewery wat hierdie eerste boekie en die *Wêreld van Môre*-tydskrif insluit, word daardie boodskap *met toenemende krag uitgestuur*.

Waar is God se ware Kerk vandag?

Nou moet *u* besluit wat om te doen omtrent hierdie boekie. Moontlik sal dit net nuttig wees vir u om hierdie duidelike, Bybelse kenmerkende “tekens” van waar God werk – waar Sy ware Kerk vandag is – te oorweeg.

Indien u belangstelling egter verder strek – *indien* God u roep en *indien* ons *persoonlik van diens kan wees* – moet u nie huiwer om vir ons te skryf na die adres van ons kantoor naaste aan u nie. Ons kan bloot u vrae per pos antwoord. *Indien u so versoek*, kan ’n ten volle opgeleide verteenwoordiger van hierdie Werk u persoonlik besoek op ’n tyd en plek wat vir u geleë is.

U moet besluit.

Namate wêreldgebeure onvermydelik na die **einde** van hierdie huidige tydvak beweeg, is u dit aan uself verskuldig om seker te wees waarheen *u* op pad is. Pak die bul by die horings. *Bewys hierdie dinge* aan uself uit die bladsye van u persoonlike Bybel. Indien God u verstand nou open, *reageer* dan op hierdie kosbare kennis en begin om u waarlik voor te berei vir u taak in die Wêreld van Môre. *Slegs die ware Kerk van God het die ware begrip*, die *moed* en die *motivering* ontvang om die volle Waarheid te verkondig om u en u geliefdes waarlik voor te berei om die manjifieke **doel** vir u lewens te vervul en “konings en priesters” (Openbaring 1:6) te word in die eerskomende Koninkryk van God op hierdie aarde!

Dit is noodsaaklik dat u sal REAGEER!

Indien u besoek wil word deur ’n leraar of verteenwoordiger van hierdie Werk, skakel dan ons kantoor naaste aan u soos gelys op die “Plaaslike Kantore”-bladsy agterin hierdie boekie, of, indien u dit verkies, *skryf* aan die naaste kantoor. Spreek net u begeerte uit vir ’n besoek en gee u adres en/of telefoonnommer sodat ons verteenwoordiger u kan kontak. Wees verseker dat *niemand* by u sal opdaag sonder dat ’n *afspraak gemaak* is vir ’n tyd en plek wat vir u geleë is nie. Ons leraar of verteenwoordiger sal bloot daar wees om *u vrae te beantwoord* oor die Bybel of oor hierdie Werk en die Lewende Kerk van God.

Daar sal *geen druk* op u wees om by enigiets “aan te sluit” of *enige versoeke* vir geld vir *enige* doel nie. *U* sal egter die geleentheid hê om met ’n ware leraar of verteenwoordiger te praat, ons persoonlik te ondersoek en uit te vra oor die bywoning van aanbiddingsdienste of Bybelstudie, indien dit u wil is. Dikwels kan ons leraar voorstel dat u meer literatuur lees, die waarhede van die Bybel meer breedvoerig vir

uself *bewys* en sekerder sal wees van u betrokkenheid *voordat* u enige samekomste bywoon, want ons wil hê dat u *oortuig* moet wees. Ons probeer *u van diens wees* in u soeke na die ewige lewe in die Koninkryk van God.

Indien God werklik u verstand open en u “roep”, is ons seker dat u verheug sal wees om met ander te vergader wat bereid is om waarlik hul lewens aan God en in diens van hul medemens te gee. U sal ’n groep gelukkige volgelinge vind – dikwels met klein kindertjies – wat hul Bybels kerk toe bring en soos die Bereane “die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was” (Handelinge 17:10-11). Daar sal gewoonlik – afhangende van die grootte van die groep en die plaaslike omstandighede – liedere gesing word, aankondigings gemaak word van aktiwiteite, nuus oor die Werk gegee word, nuttige preke gegee word en baie entoesiasies saam gekuier word na die dienste.

Mag God u help tot die volgende: “*Beproof* alle dinge; behou die goeie” (1 Thessalonicense 5:21). Namate die einde van hierdie tydvak vinnig nader kom, moet ons **nie** vir ewig rondsit, spekulêer en niks doen nie! God beloon diegene wat met ywer **reageer** op die Waarheid en alles in hul vermoë doen om betrokke te raak om Hom en hul medemens in God te dien. Soos Jakobus geïnspireer is om ons mee te deel: “En word *daders* van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie” (Jakobus 1:22). Weer eens, vra gerus aan vir u gratis eksemplaar van ons baie nuttige en volledig gedokumenteerde boekie, *God se Kerk deur die eeue*. Dit sal u help om waarlik die geskiedenis van God se ware Kerk te verstaan – daardie “klein kuddetjie” wat in die Middeleeue bykans verdwyn het.

Mag God *u* help om te verstaan en betrokke te raak terwyl u nog die geleentheid het! U mag nou in u “gemaksonie” in die een of ander kerkgenootskap wees, maar – **indien** God u nou roep – wil u Skepper hê dat u ’n *aktiewe deel* van Sy Kerk moet wees om waarlik gereed te maak vir Sy Koninkryk en die mensdom kragtig te **waarsku** teen die komende Groot Verdrukking. Let op die duidelike verantwoordelikheid van God se getroue dienaars: “Red die wat na die dood gesleep word, en die wat na die slagbank wankel, hou hulle tog terug! As jy sê: Kyk, ons het dit nie geweet nie! – sal Hy wat die harte toets, dit nie merk nie? En Hy wat let op jou siel, Hy kom dit te wete. En Hy vergeld die mens na sy werk” (Spreekte 24:11-12).

Waar is God se ware Kerk vandag?

Die lewende Jesus Christus beveel *almal* van ons om *vrugte te dra*: “Hierin is my Vader verheerlik, *dat julle veel vrug dra*; en julle sal my dissipels wees” (Johannes 15:8). Weer eens, mag God u inspireer om ’n *aktiewe deel* te wees van die Werk wat Christus huidiglik verrig deur Sy liggaam; die ware Kerk van God op aarde vandag.

Suid-Afrika

Lewende Kerk van God

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS

9880

Tel: (058) 622-1424

Faks: (058) 623-1303

Plaaslike Kantore

VERENIGDE STATE VAN AMERIKA:

P.O.Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

<http://www.tomorrowworld.org>

AUSTRALIË:

GPO Box 772

Canberra, ACT 2601, Australia

Tel: (07) 5546 0472

Faks: (07) 5546 0768

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

FILIPPYNSE EILANDE:

MCPO Box 1774

Makati City 1257, Philippines

Tel: 63-2-813-6538

Faks: 63-2-867-1569

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016, Harrismith, FS 9880

Republiek van Suid-Afrika

Tel: (058) 622-1424

Faks: (058) 623-1303

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 2B9

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

VERENIGDE KONINKRYK:

P.O. Box 9092

Motherwell, ML1 2YD Scotland

Tel/Faks: 44-1698-263-977

Die Lewende Kerk van God bied 'n verskeidenheid van gratis literatuur aan insluitende 'n *Bybelstudiekursus*, boekies en die *Wêreld van Môre*-tydskrif.

Die volgende boekies is geskryf met die doel om u te help om God se doel met die wêreld en u lewe in die besonder beter te verstaan.

Om u gratis literatuur aan te vra, verwys asseblief na die vorige bladsy vir die adres in Suid-Afrika, of verkry u Afrikaanse literatuur via die Internet by www.wvm.co.za

God se Kerk deur die Eeue

Die Heilige Dae: God se Meesterplan

Watter Dag is die Christelike Sabbat?